higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Eerste vraestel)

(4090315)

**6 Oktober 2020 (X-vraestel)**
**09:00–09:30**

**TOEBOEKEKSAMEN**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye en 'n antwoordblad van 2 bladsye.**

176Q1B2006

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
TYD: 30 MINUTE
PUNTE: 50

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die sewe gewoontes van doeltreffende persoonlike bestuur sluit nie ... in nie.

A proaktiwiteit
B prioretisering
C dinamiek
D sinergie

1.1.2 In 'n groep kan die volgende individue geïdentifiseer word:

A Domineerder, vermyder, afbreker en skaam persoon.
B Domineerder, vermyder, afbreker en kenner.
C Domineerder, vermyder, leier en kenner.
D Domineerder, bestuurder, afbreker en vermyder.

1.1.3 Leierskap is 'n individu se vermoë om ...

A te doen wat hy/sy reeds weet.
B goed reg te doen.
C die ondersteuning en optrede van mense te verkry om 'n gemeenskaplike doel te bereik.
D bevele te gee en te beheer.

1.1.4 ... vereis 'n duidelike begrip en toewyding tot groepsdoelwitte wat die werkers by die bepaling van hierdie doelwitte betrek.

A Vakbonde
B Span
C Bestuur
D Werkgewers

1.1.5 'n Bestuurder moet oor die volgende vaardighede beskik:

A Beplannings-, organisasie- en tegniese vaardighede.
B Tegniese, menslike en konseptuele vaardighede.
C Konseptuele, besigheids- en beheervaardighede.
D Tegniese, menslike en etiese vaardighede.

1.1.6 Watter van die volgende is nie 'n kernfunksie van 'n bestuurder nie?

A Beplanning
B Oordeel
C Organisasie
D Beheer

(6 × 2) (12)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Mense met VIGS is op dieselfde regte en geleenthede geregtig as mense met ander ernstige of lewensbedreigende siektes.

1.2.2 Maatskaplike verantwoordelikheid in 'n organisasie verwys na die ekstra pogings wat 'n onderneming of organisasie, buiten normale besoldiging, aanwend.

1.2.3 Om werknemers met dreigemente en straf te beheer, is 'n voorbeeld van dwingende mag.

1.2.4 Keuring verwys nie na die keurkomitee se keuse van die kandidaat wat, uit 'n groep moontlike kandidate, die beste aan die werksvereistes voldoen nie.

1.2.5 Motivering kan gedefinieer word as 'n individu se interne behoefte of begeerte om iets te doen.

1.2.6 Vakbonde word gevorm om werkgewers te beveg.

1.2.7 KBVA ('CCMA') staan vir die Konstitusie vir Bemiddeling, Versoening en Arbitrasie.

1.2.8 'n Werknemer word gewoonlik afgedank indien hy/sy 'n ernstige oortreding gepleeg het, nagelaat het om sy/haar plig te doen of geweier het om enigsins saam te werk.

1.2.9 Krediet mag as klantediensaansporing gebruik word om 'n mededingingsvoordeel te bekom.

1.2.10 In 'n burokratiese organisasiestruktuur word reëls, regulasies en beheertegnieke nie presies gedefinieer nie.

(10 × 2) (20)

1.3 Noem DRIE wette wat die werkplek beheer. (3 × 2) (6)

1.4 Noem DRIE vrywillige werknemervoordele. (3 × 2) (6)

1.5 Watter DRIE vrae sal jy vra om te bepaal of 'n besluit eties is of nie? (3 × 2) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 1**

1.1

1.1.1 _____
1.1.2 _____
1.1.3 _____
1.1.4 _____
1.1.5 _____
1.1.6 _____

(6 × 2) (12)

1.2

1.2.1 _____
1.2.2 _____
1.2.3 _____
1.2.4 _____
1.2.5 _____
1.2.6 _____
1.2.7 _____
1.2.8 _____
1.2.9 _____
1.2.10 _____

(10 × 2) (20)

1.3 _____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

**ANTWOORDBLAD**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

1.4

(3 × 2) (6)

1.5

(3 × 2) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou